# UITNODIGING OM INDIENING VAN SAKEPLANNE
# BEDRYF VAN ’N VROEËKINDONTWIKKELING-(ECD-)SENTRUM IN BOSASA (WYK 114)

Die Stad Kaapstad se departement gemeenskap, kuns en kultuur nooi hiermee organisasies sonder winsoogmerk (NPO’s) in die vroeëkindontwikkeling- (ECD-)sektor wat volledig geregistreer is, aan alle vereistes voldoen en ten volle operasioneel is om breedvoerige sakeplanne vir die bedryf en bestuur van ’n ECD-sentrum in Stadsbesit geleë in Bosasa (wyk 114) in te dien. Die suksesvolle aansoeker sal ’n formele fasiliteitsbestuursooreenkoms (FMA) met die Stad Kaapstad aangaan.

**Vereistes vir sakeplan**

- Moet formeel as ’n NPO geregistreer wees en ’n goeie reputasie hê
- Breedvoerige ouderdomsgeskikte daaglikse ECD-program
- Bedryfsplan insluitende ’n personeelmodel
- Finansiëlebestuur- en begrotingsplan
- Volhoubaarheids- en fondsinsamelingstrategie
- Gesonde bestuurspraktyke – demonstreer dat die organisasie as ’n gestruktureerde NPO bedryf word en nie as ’n individu-beheerde entiteit nie
- Gemeenskapskakelings- en rolspelerbetrokkenheidsplan

**Stawende dokumente vir sakeplan**

- Geldige NPO-registrasiesertifikaat
- Ondertekende NPO-grondwet
- Bygewerkte besonderhede van bestuur-/direksiestruktuur
- Notules van minstens die laaste twee direksie-/komiteevergaderings
- Bewys van die mees onlangse algemene jaarvergadering
- Jongste jaarverslag en finansiële state
- Leer-/ daaglikse program vir vroeëkindontwikkeling
- CV’s van ECD-praktisyns met gewaarmerkte kwalifikasies
- Prinsipaal se CV en NQF5- (vlak 5)-kwalifikasie
- Gewaarmerkte afskrifte van prinsipaal en opvoeders se Suid-Afrikaanse identiteitsdokumente
- Geldige klaringsertifikate van alle personeel ingevolge die Kinderwet se regulasies
- Verskaf bewys van lidmaatskap van ’n erkende ECD-forum in die area
- Aanbevelingsbrief van ’n erkende Mfuleni/Bosasa -gemeenskapstruktuur

**Keuringsproses**

Die Stad moet voorsieningskanaalbestuur- (SCM-)prosesse volg vir die keuring en aanstelling van eksterne geregistreerde NPO’s wat vanuit eiendomme in Stadsbesit wil werk.

Voorkeur sal gegee word aan NPO’s met ’n bewese bedryfsrekord in ECD-dienslewering Bosasa (wyk 114) wat sterk bestuur, voldoening en finansiële aanspreeklikheid demonstreer. Hierdie voorkeur sal egter nie ander NPO’s wat ten volle voldoen en in Bosasa, maar buite wyk 114, bedryf word van oorweging uitsluit nie, op voorwaarde dat hulle aan alle aansoekvereistes en beoordelingskriteria voldoen.

**Indiening van sakeplanne**

Sakeplanne vir die bedryf van die vroeëkindontwikkeling- (ECD-)sentrum kan soos volg ingedien word:

| Indienings-metode | Datum | Tyd | Plek |
|---|---|---|---|
| Aflewering per hand | 27 Julie - 27 Augustus 2026 | Teen 12:00 | Kuilsrivier-subraadskantoor: Indieningshouer beskikbaar by sekuriteit |
| E-pos | 27 Julie - 27 Augustus 2026 | Teen 12:00 | charles.rudman@capetown.gov.za |

**Neem asseblief kennis dat aansoekers wat al voorheen Bosasa-sakeplanaansoeke ingedien het, nie weer aansoek hoef te doen nie.**

**Kontak vir navrae**
**Siphokazi Dyani**
**E-pos: charles.rudman@capetown.gov.za**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA103/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**